

BELEID VAN DIE NASIONALE GESONDHEIDSBELEIDSRAAD*

Die volgende is die beleidsbesluite wat die Nasionale Gesondheidsbeleidsraad (NGB) op sy vergadering van 26 Augustus 1982 geneem het insake die stelsel van verpleegonderwys in Suid-Afrika (Besluit NGB 45/82).

DIE NGB BESLUIT DAT

(a) Die gesondheidsowerhede dringend maatreëls tref om kolleges van verpleging tot outonome opleidingsinstansies te ontwikkel;

(b) Die begrip *outonome opleidingsinstansies* binne die konteks van die opleidingsraamwerk moet wees wat 'n gelykwaardige status sal gee as dié van 'n tersiêre opleidingsinstelling;

(c) Hierdie begrip toegepas word op kolleges wat met universiteite as eksterne kolleges affilieer en kolleges wat buite so 'n affiliasie verpleegkundiges oplei;

*Die Nasionale Gesondheidsbeleidsraad is ingestel onder die *Wet op Gesondheid No 63 van 1977* en is onder andere verantwoordelik vir die formulering van nasionale beleid oor gesondheidsaangeleenthede en die koördinerende van gesondheidsdienste. Die lede van die Raad is die Minister van Gesondheid en Welsyn en daardie lede van die Uitvoerende Komitee van elke provinsie wat met Hospitaaldienste belas is.

Die Raad word adviseer deur die **Adviserende Komitee oor Gesondheidsake** (AKG) wat weer 'n aantal subkomitees aanstel, waarvan die voorsitter 'n lid van die AKG moet wees. Benewens die Voorsitter is al die lede van die **Subkomitee oor Verpleging** verpleegkundiges wat die volgende instansies verteenwoordig: die Departement van Gesondheid en Welsyn, die Suid-Afrikaanse Weermag, die Departement van Gevangeniswese, die vier provinsiale departemente van hospitaaldienste, plaaslike besture en die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging.

(d) Die volgende as riglyne dien —

(i) dat 'n kollegeraad vir die oorhoofse beheer oor die begroting en die opleiding, daargestel word;

(ii) dat die kollegeraad soos volg saamgestel word en dat alle verteenwoordigers volle lede sal wees:

— die hoof van die finansieringsowerheid of sy verteenwoordiger

— een verteenwoordiger aangewys deur die deelnemende owerhede wat kliniese opleidingsfasiliteite verskaf

— 'n superintendent en 'n matrone van die hoofopleidingshospitaal en een verdere verteenwoordiger van die ander deelnemende hospitale

— 'n maksimum van twee verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Weermag na onderhandeling met die betrokke gesondheidsowerheid

— die prinsipale van die kollege

— een verteenwoordiger van die doserende personeel van die kollege

— een verteenwoordiger van 'n universiteit waar betrokke

— die hoof van die departement van verpleegkunde van 'n universiteit waar betrokke

— een verteenwoordiger van die oudstudeerde van die kollege

— een geneesheer of verpleegster wat 'n beampte van 'n stedelike of landelike plaaslike bestuur is

— die registrateur van die kollege sal as sekretaris van die kollegeraad optree;

(iii) dat die funksies van die kollegeraad onder

VERNUWING IN DIE VERPLEEGONDERWYSSTELSE

- andere die volgende sal insluit:
- die bepaling en/of goedkeuring van beleid oor opleiding, bestuur en administrasie
 - die beheer van die kollege se begroting en alle aangeleenthede wat finansiële implikasies inhou
 - personeelaangeleenthede soos die aanstellings in senior range, bevorderings en buitengewone verlofaangeleenthede soos van tyd tot tyd aan die kollege raad deur die betrokke owerheid gedelegeer word
 - die goedkeuring van kursusse, leergange en leerplanne; en
 - die voorlegging daarvan met die oog op registrasie deur die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging waar van toepassing;
- (iv) dat die kollege oor sy eie fondse moet beskik wat vir die volgende voorsiening maak:
- diensstaat van onderrig- en administratiewe personeel, studente uitgesluit
 - instandhouding van toerusting insluitend die biblioteek en onderrigmiddele
 - indiensopleiding van doserende personeel en studieverlofvoorsiening met inbegrip van studiegelde vir personeel
 - enige ander toepaslike uitgewes;
- (v) dat die prinsipale van die kollege alle verpleegopleiding moet beheer, naamlik basiese en na-basiese opleiding wat deur die SA Raad op Verpleging goedgekeur is met inbegrip van kliniese onderrig. Alle onderhandelinge met die SA Raad op Verpleging moet deur en met haar geskied;
- (vi) dat alle beamptes in dosent- en kliniese onderrigposte wat met kollegekursusse gemoeid is, op die diensstaat van die kollege moet wees;
- (vii) dat die kollege oor 'n ondersteunende administratiewe afdeling moet beskik wat onder die beheer van die prinsipale val
- (viii) dat toegang van onderrigpersoneel van die kollege tot die kliniese fasiliteite in hospitale vir kliniese opknapping en onderrig moontlik gemaak moet word;
- (ix) dat alle verpleegstudente wat kollegekursusse volg deur die kollege ingeskryf moet word;
- (e) Die betrokke gesondheidsowerheid verantwoordelikheid vir alle oorhoofse beleidsbepaling en finansiering aanvaar;
- (f) Die student by die kollege moet inskryf;
- (g) Die beskikbaarheid en geskiktheid van kliniese fasiliteite die primêre oorweging by die bepaling van die getal verpleegstudente vir opleiding moet wees;
- (h) As riglyn die eerstejaarstudent nie nagdiens moet doen nie, en dat vanaf die tweede studiejaar behoort die nagdiens nie twee maande per jaar te oorskry nie;
- (i) Die implementering van eerstejaarleergange aangepas moet word om beter te voorsien in die eerstejaar se pasiëntesorg en ander praktika behoeftes, dat dit vir klaskamer en kliniese onderrig geld; dat die eerstejaarstudent verkieslik nie in hoë intensiteit akuut- of langtermynsale geplaas moet word nie, byvoorbeeld onkologiesale, operasiesale, kindersale, ongevalle afdelings; en dat sy omvattend onderrig word vir die hantering van alle basiese pasiëntesorg-situasies;
- (j) Die aantal praktika-ure vir eerstejaarstudente tot binne die raamwerk van die SA Raad op Verpleging se voorskrifte verminder moet word om die moeilike aanpassing wat verpleegstudente ondervind, te vergemaklik;
- (k) Eerstejaarstudente nie as werkeenhede in berekening gebring moet word by die beplanning van personeel-allokasie nie maar addisioneel tot die toekenning van sale geplaas moet word;
- (l) Gesondheidsowerhede hoogselektief moet wees in hul toekenning van studieverlof aan verpleegkundiges vir dosentregistrasie, en kandidate oor ten minste twee jaar toepaslike kliniese ervaring moet beskik;
- (m) Aandag aan die salarisskaal van doserende personeel geskenk word, veral die poste van prinsipale;
- (n) Hoë eise in die keuringsproses van voornemende kandidate gestel word;
- (o) As riglyn aanvaar word dat 'n ratio van een onderrigteenheid tot 15 studente wenslik is, dit is, dosente en kliniese onderrigpersoneel, en dat die beplanning daarop gerig moet wees, dat ook alle kliniese onderriggewers dosentregistrasie verkry;
- (p) Die opknapping van die dosent se kliniese en onderrigkennis verpligtend gemaak moet word deur —
- kwalifikasievereistes vir bevordering in aanmerking te neem en met die oog hierop voorsiening te maak vir studieverlof vir gevorderde studie;
 - die bywoning van indiensopleiding- en kliniese besprekings by die kollege en by die hospitaal

RENEWAL IN THE SYSTEM OF NURSING EDUCATION

- te vereis na gelang van die dosent se onderrig-behoefte, en om indiensopleidingsprogramme wat spesifiek voorsiening vir onderrig in volwasse onderwysmetodes maak vir dosente 'n verpligting van die kollege te maak; en
- geprogrammeerde plasing van dosente in sale van die hospitaal met inagneming van die keuse en die kennisbehoefte van die dosent;
- (q) Die gesondheidsowerhede onmiddellik stappe moet neem om voltydse opknappingskursusse aan te bied;
- (r) Ingebinde kursusleidings deur die kollege voorberei moet word om aan alle studente by inskrywing beskikbaar te wees en wat ten minste die volgende inligting moet bevat:
- kleredrag en koshuisreëls
 - klasbywoningsreëls
 - kursusregulasies en direkteie van die SARV.
 - studiegids vir elke vak in die leergang met volledige riglyne oor die doelstellings, leerplan (klaskamer en kliniese evaluering, toetsdatums, eksamenafbakening per vraestel en evalueringmetodes) en vereistes met betrekking tot selfstandige werk
 - dissiplinêre optrede;
- (s) Die weeklikse werkrooster van die dosent en die kollegerooster van die student, benewens lesingtyd, voorsiening moet maak vir ten minste die volgende:
- biblioteektyd
 - individuele dosentspreekure vir beraad
 - kliniese onderrig
 - kliniese opvolgtyd op dosentrooster;
- (t) Die volgende riglyne met betrekking tot die kliniese onderrig gevolg word:
- dat net geselekteerde sale in groot opleidingskole vir die opleiding van studentverpleegkundiges gebruik word en dat hierdie sale oor die personeelvoorsiening en opleidingsfasiliteite beskik wat vir doeltreffende opleiding nodig is
 - dat taakgerigte kliniese onderrig vervang word met pasiëntgerigte kliniese onderrig
 - dat die funksionele benadering tot pasiëntorg ter wille van opleiding en eliminerings van mediesgeregtelike risiko's vervang word met 'n pasiënttoewysingsbenadering
 - dat geen persoon by kliniese onderrig betrek word sonder behoorlike opleiding nie en dat die saalsuster indiensopleiding in metodes van kliniese onderrig en kliniese evaluering ontvang
 - dat 'n eenvormige sisteem van kliniese evaluering op nasionale vlak ontwikkel word
- dat die student gedurende opleiding vir kliniese bevoegdheid evalueer word en ná die eerstejaar ten minste vier (4) kliniese toetse aflê om haar bevoegdheid in die vier hoofareas van algemene verpleging te bewys, naamlik in pasiëntsituasies met —
 - aseptiese tegniek
 - toediening van geneesmiddels
 - verwerking van die verpleegproses
 - verwerking van die bestuursproses vir pasiëntorg;
- (u) Kolleges sterk oorweging daaraan skenk om 'n student-ondersteuningsstelsel soortgelyk aan die studentediensburo's by universiteite in die lewe te roep om onder andere die volgende ondersteuning aan studente te verleen —
- gesondheidsdienste wat sielkundige bystandsdienste insluit
 - georganiseerde studente-aktiwiteite wat sport- en sosiale geleenthede insluit
 - voogdosentsistelsel
 - verwysingsdienste na die hospitaalkapelaan en/of studenteraadgewer;
- (v) Waar eksterne eksamens deur kolleges afgeneem word, dit met die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging uitgeklaar word;
- (w) Kommunikasie tussen die kolleges van verpleging en die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging deur die uitbreiding van die inspeksie- en leidinggewingsstelsel bevorder word;
- (x) Hierdie uitbreiding bewerkstellig word deur die benutting van die lede van die onderwyskomitee van die Raad en die aanstelling van 'n inspektoraat in samewerking met die prinsipales van kolleges wat in amptelike tyd en op die koste van die owerheid hierdie taak sal verrig;
- (y) Die owerheid, of deur eie fondse of deur middel van die privaatsektor, nie net voldoende wieg- en kleuterskoolfasiliteite beskikbaar moet stel nie, maar dat die daarstelling van na-skoolse fasiliteite vir primêre skoolkinders oorweeg moet word;
- (z) Waar moontlik, vervoer beskikbaar gestel moet word;
- (aa) Die huidige taak- of funksionele toewysing as werktuigmetode met die pasiënttoewysingsmetode vervang moet word;
- (bb) In die lig van die Kommissie vir Administrasie se ondersoek na onder andere die verpleegpersoneelvoorsiening vir 'n saal, eenvormige norme vir personeelvoorsiening mettertyd aan hom voorgelê word;

VERNUWING IN DIE VERPLEEGONDERWYSSTELSEL

(cc) Die student gedurende die eerste jaar van opleiding egter nie as 'n volwaardige werkeenheid beskou word nie ten spyte van die feit dat sy 'n salaris van die gesondheidsowerheid ontvang;

(dd) Die student gedurende die eerste jaar van opleiding verkieslik nie op nagdiens geplaas word nie en dat dieselfde beginsel vir leerlinge gedurende die eerste ses maande van opleiding moet

geld; en

(ee) Dat, ten opsigte van die behoeftes van die Suid-Afrikaanse Weermag, die spesiale omstandighede van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens egter in ag geneem moet word by die bepaling van salarisse en diensvoorwaardes van verpleegkundiges in daardie diens asook met die toepassing van die voorafgaande aanbevelings.